	Suid Afrikaanse Skole Fietsry	Dok Nr. SASC/REG/MTB/0000
	DOKUMENTASIE **Bergfiets Regulasies**	Uitgawe Nr. 01
	Saamgestel deur Goedgekeur deur Datum Deon Steyn Francois Theron 6/01/2014	Uitgawe Datum

1. DEFINISIES

1.1. SASK – Suid Afrikaanse Skoleliga van Fietsry
1.2. FSA – Fietsry Suid Afrika
1.3. UCI – Internasionale Fietsryfederasie
1.4. XCO – Olimpiese Bergfietsformaat
1.5. XCC – Kortbaanformaat
1.6. MTB – Multi-terrain Biking (Bergfietsry)
1.7. Commissaire –Amptenaar in Fietsry

2. ALGEMENE REGULASIES

2.1. SASK is die statutêre liggaam wat fietsry by skole in Suid Afrika beheer, en dus vir die regulasies van die skoleliga in fietsry verantwoordelik is.

2.2. Deelname

2.2.1 Slegs bona fide openbare en privaatskole word toegelaat om aan fietsrybyeenkomste in die skoleliga deel te neem.
2.2.2. Leerders wat by openbare of privaat hoërskole geregistreer is, en voltydse klasse bywoon, word toegelaat om aan fietsrybyeenkomste in die skoleliga deel te neem.
2.2.3. Fietsryers mag slegs die skool waar hulle amptelik geregistreer is verteenwoordig, en mag nie vir enige ander skool of skole ry nie.
2.2.4. Geen lisensies word vir deelname aan SASK-byeenkomste vereis nie.

2.3. Kategorië

2.3.1. Junior: 17 en 18 –jarige ryers
2.3.2. Jeug: 15 en 16 –jarige ryers.
2.3.3. Sub-Junior: 13 en 14 –jarige ryers
2.3.4. Die kategorie van 'n ryer word bepaal deur sy of haar ouderdom op die 31ste Desember van die huidige jaar.
2.3.5. SASK het die reg om identiteitsdokumente aan te vra, ten einde die ouderdom van 'n ryer na te gaan.

2.4. Wetlike vereistes

2.4.1. Byeenkomste wat deur skole aangebied word moet aan die vereistes van die *Suid Afrikaanse Skolewet van 1996* voldoen.
2.4.2. Byeenkomste wat deur ander organiseerders aangebied word moet voldoen aan die vereistes van die *Wet op Veiligheid by Sport- en Ontspanningsgeleenthede van 2010.*

2.5. Veiligheid

2.5.1. Die veiligheid van ryers
2.5.1.1. Ryers moet ten alle tye terwyl hulle op fietse is valhelms dra.
2.5.1.2. Moulose fietsryhemde word nie toegelaat nie.
2.5.1.3. Voor ‘n ryer vir ‘n wedren wegspring moet daar ‘n bottel vol water aan die fiets vas wees of die ryer moet ‘n hidreringsrugsak met water in aanhê.
2.5.1.4. Geen kamera mag op die kop of aan die bors van die ryer gedra word nie.
2.5.1.5. Ryers word nie toegelaat om met elektroniese toestelle in hulle ore te ry nie. Dit sluit I-pods, MP3-spelers, Walkmans, selfone en enige ander mobiele toestelle in.
2.5.1.6. Ryers wat bone fide gehoorprobleme het en van gehoortoestelle moet gebruik maak om te hoor, moet voor die wedren goedkeuring kry van die wedrenorganiseerder en die commissaire.
2.5.1.7. Geen opblaasbare boog mag oor die baan opgerig word nie.
2.5.1.8. Die vergadering vir die Spanbestuurders moet deur al die Spanbestuurders bygewoon word.

2.5.2. Publieke veiligheid

2.5.2.1. ‘n Veilgheidsplan moet vir elke byeenkoms saamgestel word, en die volgende insluit:
2.5.2.1.1. Besonderhede van die naaste polisiestasie
2.5.2.1.2. Besonderhede van die naaste hospitaal
2.5.2.1.3. ‘n Veiligheidsplan vir noodsituasies
2.5.2.1.4. Risiko-evaluering volgens SASK Veiligheidsbeleid Dokument no. SASC/SEH/POL/0000.
2.5.2.1.5. Kontakbesonderhede van die organiseerder, veligheidsbeampte, commissaire en die maatskappy wat die mediese dienste verskaf.
2.5.2.1.6. Bewys van versekering vir die byeenkoms

2.6. Toerusting

2.6.1. Elke fiets moet oor twee wiele van dieselfde deursnit beskik, met die voorste wiel stuurbaar, en die agterste wiel aangedrewe deur ‘n sisteem wat bestaan uit pedale en ‘n ketting.
2.6.2. Die gewig van die fiets mag nie minder as 6.8 kilogram wees nie.
2.6.3. Die gebruik van bande met spykers of skroewe met metaal punte aan word nie toegelaat nie.
2.6.4. Stuurstange soos die aan tradisionele padfietse mag nie gebruik word nie, en tydtoets of driekamp-stuurstange word ook nie toegelaat nie. Stuurstanghoringtjies word toegelaat.
2.6.5. Fietse met verskeie ratte sowel as enkelspoed vorms kan gebruik word.

2.6.6. Ryers moet die wedren voltooi op dieselfde raam as waarmee hulle begin het.

2.7. Omgewing

2.7.1. Organiseerders moet voldoen aan die vereistes van SASK se Omgewingsdokument no. SASC/SEH/POL/0001.
2.7.2. Ryers moet die omgewing respekteer en mag nie rommel rondstrooi nie.

2.8. Formate vir byeenkomste

2.8.1. Hoërskole sal gebruikmaak van die Olimpiese formaat XCO.
2.8.1. Laerskole sal die XCC kortbaan formaat gebruik.

3. RYERS SE KLERE, BEKLEDINGSKODE EN PODIUM-PROTOKOL

3.1. Skole word aangeraai om unieke fietsryklere te laat ontwerp en vervaardig, maar unieke uniforms is nog nie in 2015 verpligtend nie.
3.2. Moulose fietsryhemde word spesifiek verbied.
3.3. Kategorie-leiers moet hulle voorloper-hemde dra wanneer hulle aan wedrenne deelneem. Die leiershemde mag slegs gedurende die relevante liga gedra word. Ryers mag nie die hemp van die voorloper of wenner van die vorige jaar dra nie, en hulle mag ook nie die leierhemde van ander liga's of reekse dra nie.
3.4. Individuele ryers wat kwalifiseer vir pryse, trofeë, leiershemde of titels moet die prysuitdeling bywoon.
3.5. Indien 'n ryer om een of ander rede (geregverdig of ongeregverdig) nie die prysuideling kan bywoon nie, moet die organiseerders voor die prysuitdeling deur die ryer of spanbestuurder ingelig word.
3.6. Strafmaatreëls mag ingestel word waar die prysuideling nie bygewoon, en die organiseerders nie daaroor ingelig word nie.
3.7. Ryers wat geroep word om op die podium te verskyn moet hulle skool se fietsryhemp dra. Waar so 'n hemp nie bestaan nie, moet die ryer 'n gepaste T-hemp of sweetpak in die skoolkleure dra.
3.8. Geen moulose of kortgesnyde hemde sal op die podium toegelaat word nie.
3.9. Geen pette of sonbrille mag op die podium gedra word nie.
3.10. Na die Kategorie-prysuideling, word daar van die Reeks-leiers/wenners vereis dat hulle die hemde behoorlik aantrek (ander hemde uitrek) en poseer vir 'n foto van die Kategorie-leiers/wenners.
3.11. Valhelms: ryers wat nie gedurende die hele geleentheid hulle fietsryhelms (met die gespes onder die ken behoorlik vasgemaak) dra nie sal gedissiplineer of dalk selfs gediskwalifiseer word.
3.12. Slegs hardedop valhelms wat voldoen aan huidige standaarde sal toegelaat word.
3.13. Die prioriteit van fietsryhemde is soos volg:

- Hemp van die Reeksleier
- Hemp van die Afrika-kampioen
- Hemp van FSA se Nasionale kampioen
- Hemp van die skool

4. BORGSKAPPE

4.1. SASK is onder geen verpligting om ryers se borgskappe te huldig nie.

5. MEDIESE DIENSTE EN AMBULANSE
5.1. Die wedren en amptelike oefening kan slegs begin wanneer die mediese personeel en die ambulans op die perseel teenwoordig is.

6. COMMISSAIRES EN BEAMPTES
6.1. Slegs Commissaires wat deur SASK opgelei is of FSA Commissaires sal gebruik word om pligte uit te voer as Hoofcommissaire, asook by die Eindstreep, Wegspringarea en die Voedingsarea/Tegniese gebied.

7. SPANBESTUURDERS
7.1. Elke skool moet 'n Spanbestuurder aanstel.
7.2. SASK sal Spanbestuurders volgens die inhoud van die SASC/TRA/MTB/0000 dokument oplei.
7.3. Spanbestuurders word verplig om die die vergadering van die Spanbestuurders by te woon.

8. WEDRENNE VOLGENS DIE XCO FORMAAT
8.1. Die lengte van die baan: XCO 4 – 6 km.
8.2. Voorgeskrewe tydsduur vir wedrenne in die verskillende kategorië is soos volg:

Kategorie	UCI	FSA	SASK
Junior Mans	1:00 – 1:15	1:00 – 1:15	60 min.
Junior Dames	1:00 – 1:15	1:00 – 1:15	60 min.
Jeug Mans	Nasionale Federasie	1:00 – 1:15	45 – 60 min.
Jeug Dames	Nasionale Federasie	1:00 – 1:15	45 – 60 min.
Sub-Junior Seuns	Nasionale Federasie	0:55 – 1:10	30 – 40 min.
Sub-Junior Meisies	Nasionale Federasie	0:55 – 1:10	30 – 40 min.

8.3. Baan en Merkers
8.3.1. Elke kilometer van die baan moet gemerk word en moet die oorblywende afstand van die wedren aandui..
8.3.2. Plaveisel of geteerde paaie mag nie meer as 15% van die baan behels nie.

8.3.3. Die hele baan moet rybaar wees.
8.3.4. Daar moet genoeg verbygaanplekke wees op lang stukke voetpad.
8.3.5. Ryers moet in 'n enkele groep wegspring.
8.3.6. Die baan moet so ver as moontlik aan albei kante beskerm word met plastiese baanlint
8.3.7. Waar die baan nie aan albei kante met versperrings gemerk is nie, sal dit beskou word as 2 m wyd, gemeet vanaf die middel van die pad of voetpad af.
8.3.8. Wortels, boomstompe en rotse wat uitsteek moet sover as moontlik met bio-afbreekbare verf in 'n gloeiende kleur gemerk word.
8.3.9. Metaal pale moet met plastiese pype bedek word.
8.3.10. Opritte en brue van hout moet met ogiesdraad of tapyt bedek word, sodat dit nie glad is nie.
8.3.11. Die volgende merkers moet gebruik word:

SASC

		
Gaan Reguit	**Draai Regs**	**Draai Links**
		
Gaan Stadig Reguit	**Versigtig**	**Baie Versigtig**
Verkeerde Rigting	**Brug Vorentoe**	**Waterkruising**

8.4. Nommerborde vir fietse
8.4.1. Nommerborde moet aan die fietse vasgeheg word sodat hulle vorentoe wys en duidelik sigbaar is.
8.4.2. Nommerborde mag nie deur remkabels of stuurstange versper word nie.
8.4.3. Nommerborde mag nie gesny, verander of beskadig word nie. Geen plakkers mag bygevoeg of verwyder word nie.

8.5. Offisiële oefensessies
8.5.1. Deelnemers word aangeraai om voor die byeenkoms ten minste twee rondtes om die baan te ry.
8.5.2. Offisiële oefening kan slegs plaasvind wanneer die mediese personeel en ‘n ambulans teenwoordig is.
8.5.3. ‘n Nommerbord moet gedurende oefensessies aan elke fiets vasgemaak wees.
8.5.4. Nie-amptelike oefenings word nie toegelaat nie.

8.6. Die Wegspringarea
8.6.1. Daar moet 'n beginstreep oor die baan loop.
8.6.2. Beginvaandels is opsioneel.
8.6.3. Die Wegspringarea moet ten minste 6 m wyd wees vir ten minste 30 m voor en 100 m anderkant die beginstreep.
8.6.4. Die Wegspringarea moet duidelik afgeblok wees.
8.6.5. Geen helpers/ouers/onderwysers of Spanbestuurders word enige tyd in die wegspringarea toegelaat nie.
8.6.6. Die wedren se begin sal met 'n fluitjie aangedui word.
8.6.7. Sodra die ryers in die Wegspringarea gelaai is val hulle onder die beheer en gesag van die Wegspringcommissaire.
8.6.8. Sodra 'n ryer die beginstreep oorgesteek het, het hy of sy amptelik die wedren begin.
8.6.9. Ryers moet die wegspringarea van agter af laai deur die aangewese laaiplek. Hulle word nie toegelaat om oor heinings of baanlinte te klim nie.

8.7 Wegspringprosedure
8.7.1. 15 Minute voor wegspringtyd sal die commissaire die ryers wat gekeur is roep om hulle posisies in te neem.
8.7.2. 12 Minute voor wegspringtyd sal die ongekeurde ryers gelaai word.
8.7.3. 5 Minute voor wegspringtyd sal die commissaire die inligtingsessie vir die wedren doen.
8.7.4. Alle ryers moet ten minste een voet op die grond hê as die 3-minuut waarskuwing gegee word.
8.7.5. Die Wegspringcommissaire sal die wegspring volgens die volgende tydlyne doen:
8.7.5.1. 3-minute waarskuwing
8.7.5.2. 2-minute waarskuwing
8.7.5.3. 1-minuut waarskuwing
8.7.5.4. 30-sekondes waarskuwing
8.7.5.5. 15-sekondes waarskuwing waar die wegspringsein enige tyd binne die finale 15 sekondes gegee sal word.
8.7.5.6. Enige ryer wat laat vir hulle wegspringtyd opdaag moet van agter uit die wespringgroep begin.

8.8. Die Eindpunt
8.8.1. Die eindstreep moet gemerk word met 'n 20 cm breë wit strook met 'n 4 cm swart streep in die middel.
8.8.2. Organiseerders word aangeraai om 'n vaandel oor die eindstreep te installeer.
8.8.3. Die eindpunt moet ten minste 4 m breed wees vir ten minste 50 m voor die eindstreep en vir ten minste 20 m agter die eindstreep.
8.8.4. Die einde gebeur op die oomblik wanneer die band van die voorste wiel die vertikale plein van die begin van die eindstreep raak.



8.8.5. 'n Ryer mag wel die eindstreep te voet oorsteek solank hy of sy hulle fiets by hulle het.

8.9. Die wedren
8.9.1. Ryers wat vir podium-posisies en punte in die reeks deelneem moet die hele afstand van die wedren voltooi.
8.9.2. Die verantwoordelikheid om die amptelike en korrekte roete te volg berus op die ryer.
8.9.3. 'n Ryer word nie toegelaat om enige kortpad te vat, 'n rondte van die baan uit te laat of op enige ander manier 'n voordeel oor hulle mededingers te neem nie.
8.9.4. Waar 'n ryer die baan om enige rede verlaat moet hulle op presies dieselfde plek op die baan terugkeer waar hulle dit verlaat het.
8.9.5. Enige ryer wat van die baan af loop, hardloop of ry sonder die voorneme om onmiddelik terug te keer, of enige handeling buite die baan wat nie aan die reëls voldoen nie, sal diskwalifkasie tot gevolg hê.
8.9.6. 'n Ryer mag op die baan tegniese hulp van 'n ander deelnemer ontvang, maar nie van 'n buitestaander wat nie op die baan is nie.
8.9.7. 'n Ryer moet beleefd wees en vinniger ryers toelaat om verby te gaan sonder om hulle te belemmer.
8.9.8. Ryers mag nie gedurende die wedren aanstootlike of beledigende taal gebruik, hulle onsportief gedra, oneerbiedig teenoor 'n amptenaar optree of die regulasies van die wedren ignoreer nie.

8.10. Tegniese bystand en die Voedingsarea
8.10.1. Tegniese bystand en bevoeding word gedurende die wedren onder die volgende voorwaardes toegelaat:
8.10.1.1. Gemagtigde tegniese bystand gedurende 'n wedren sluit die herstel of vervang van enige deel van die fiets behalwe die raam in.

8.10.1.2. Volledige verandering van fietse word nie toegelaat nie, en die ryer moet die wedren voltooi met dieselfde nommerbord aan die stuurstang as waarmee hy/sy begin het.
8.10.1.3. Tegniese bystand mag slegs gelewer word in die aangewese Tegniese/Voedingsarea.
8.10.1.4. Tegniese bystand deur deelnemers aan dieselfde wedren en op dieselfde roete word wel toegelaat.
8.10.2. Bystand van ander persone word as eksterne bystand beskou, en word nie toegelaat nie.
8.10.3. Gedurende die voedingsproses word geen fisiese kontak tussen die ryers en die helpers toegelaat nie, omdat dit as ongemagtigde tegniese bystand beskou word.
8.10.4. Die voeder word nie toegelaat om waterbottels op die fiets te plaas en/of kos of waterbottels in die sakke van die ryer te sit nie. Dit word ook as ongemagtigde tegniese bystand beskou. Alle kos en bottels mag slegs deur die hand-aan-hand metode aan die ryer oorhandig word.
8.10.5. Geen ryer mag op die baan terugdraai om by die voeding/tegniese area uit te kom nie. Terwyl hulle in die Voeding/Tegniese area is word ryers toegelaat om agtertoe op die baan te beweeg, maar as hulle by die Voeding/Tegniese area verby is mag hulle slegs vorentoe beweeg tot by die volgende Voeding/Tegniese area om bystand te verkry.
8.10.6. Voerders word nie toegelaat om langs hulle ryers te hardloop in die Voeding/Tegniese area nie. Hulle word slegs toegelaat om te staan en te oorhandig.
8.10.7. Waar ryers van bottels ontslae wil raak moet dit op 'n veilige manier gedoen word. Om bottels te slinger of te gooi word nie toegelaat nie.
8.10.8. Eksterne voeing word as ongemagtigde tegniese bystand beskou.

8.11. Keuring

8.11.1. Keuring moet van jaar tot jaar oorgedra word. So moet 'n Sub-Junior ryer se uitslae van die vorige jaar gebruik word vir keuring in die eerste Jeug byeenkoms van die jaar.
8.11.2. Onervare of onfikse ryers word aangemoedig om agter weg te spring.
8.11.3. In groepe waar daar meer as 50 ryers wegspring word organiseereders aangeraai om die eerste 25 ryers te keur, anders moet die eerste 10 gekeur word.
8.11.4. Punte moet van die 1ste posisie af in die volgende volgorde aan die eerste 25 ryers toegeken word: 35, 32, 30, 28, 26, 24, 22, 20, 18, 17, 16, 15, 14, 13, 12, 11, 10, 9, 8, 7, 6, 5, 4, 3, 2.
8.11.5. Dit word aanbeveel dat elke ryer van posisie 26 af agtertoe dan een punt kry.
8.11.6. By wedrenne waar daar minder as 50 deelnemers is word dit aanbeveel dat punte van die 1ste posisie af in die volgende volgorde aan die 10 vinnigste ryers toegeken word: 15, 12, 10, 8, 7, 6, 5, 4, 3, 2.
8.11.7. Dit word aanbeveel dat elke ryer van posisie 11 af agtertoe dan een punt kry.

8.11.8. Sodra die wenner in 'n spesifieke kategorie die eindstreep oorsteek, sal die baan vir daardie kategorie gesluit word. Ryers is sal egter hulle posisies toe hulle verbygesteek is behou – gemerk LPD (lapped) – en mag daarvolgens punte en medaljes verdien.
8.11.9. Waar ryers uit die wedren onttrek voor die wenner oor die eindstreep is sal hulle beskou word as onvoltooide deelnames – gemerk DNF (did not finish).

8.12 Resultate en puntestand
8.12.1. 'n Lys van ryers en hulle puntestand moet onderhou word.
8.12.2. Waar twee ryers in dieselfde kategorie dieselfde hoeveelheid punte verdien in die reeks, sal hulle posisies in die laaste byeenkoms die wenner bepaal.
8.12.3. Al die punte van 'n spesifieke skool se ryers word bymekaargetel om die puntestand van die skool te bepaal.
8.12.4. Waar twee skole teen die einde van die reeks dieselfde hoeveelhied punte verdien het, sal posisies gebruik word om die wenner te bepaal. So sal die skool met die meeste 1ste plekke byvoorbeeld die wenner wees. As nie een van die twee skole 1 ste plekke het nie sal 2 de plekke getel word ens.

8.13. Strafmaatreëls
8.13.1. Strafmaatreëls kan volgens die aard van die oortreding opgelê word, en afhangend van die erns kan een van die volgende gebruik word:
8.13.2. Degradering (met een of meer plekke)
8.13.3. Punte of tyd-boete
8.13.4. Diskwalifikasie
8.13.5. Opskorting

8.14. Proteste
8.14.1. Enige ryer wat voel dat hy/sy gedurende 'n wedren deur enige handeling benadeel is mag by die Hoof Commissaire beswaar maak sodra hy/sy die eindstreep oorgesteek het.
8.14.2. Die protes-aksie moet binne 15 minute van die einde van sy/haar wedren skriftelik ingedien word.

8.15. Lys van misdrywe wat strafmaatreëls tot gevolg kan hê
8.15.1. Onwettige herstel van fietse
8.15.2. Ongemagtigde voeding of tegniese bystand
8.15.3. Hemde pluk of ryers stoot
8.15.4. Obstruksie van enige ryer
8.15.5. Onsportiewe gedrag
8.15.6. Kortpad vat
8.15.7. Onsedelike gedrag of taal
8.15.8. Bakleiery met mededingers en amptenare

8.15.9. Besoedeling of rommel strooi
8.15.10. Gebruik van I-pods, MP3-spelers of ander gehoortoestelle tydens 'n wedren

8.16 Wedrenstakings
8.16.1. Slegs die Hoofcommissaire het die outoriteit om 'n wedren te staak. Hy moet verkieslik die Wedrenorganiseerder en die Veiligheidsbeampte raadpleeg voor hy dit doen.
8.16.2. Wedrenne wat bv. om veiligheidsredes vroeg gestaak word tydens die eerste rondte, sal nietig verklaar word.
8.16.3. Wedrenne wat bv. om veiligheidsredes vroeg gestaak word na die eerste rondte, sal as geldig beskou word en die uitslae sal tel.

9. DWELMTOETSE
9.1. SASK ondersteun die beleid en prosesse van *Drug Free Sport* en ryers sal aan hulle toetse onderwerp word as hulle daarvoor geselekteer word.
9.2. Geen ryer mag weier om 'n dwelmtoets te ondergaan nie.

10. BESTUUR
10.1. Hierde regulasies is gebaseer op UCI en FSA Bergfiets regulasies, maar is spesifiek vir die Skoleliga van bergfietsry aangepas.
10.2. Waar daar nie 'n spesifieke bepaling vir 'n voorval in hierdie reëls bestaan nie, sal die besluit van die Hoofcommissaire as finaal geag word.

SASC